

Inligting oor die vertoning van 'n interessante dokumentêr wat op 4 November 2018 om 12:00 in die Atterbury teater vertoon sal word. Die film is vervaardig deur Dr Johan Adam Heyns (voormalige moderator van die NG Kerk) se kleinseun Adam Heyns.

Dr Johan Adam Heyns: Exorcist of Apartheid

Filmmaker Adam Heyns het onlangs van 'n woonstel op die grens van Hillbrow getrek na die middestad van Kaapstad. Hy kom uit 'n bevoorregte huis in Pretoria. Sy leefwêreld wissel tussen die geroesemoes van swart kroë in die omgewing waar hy in Johannesburg gewoon het en die kosmopolitaansheid van Kaapstad. Hoort hy hier of in Greenside, of in Rondebosch, of soos sy neefs, in 'n ander land?

Sy ouma in 'n aftreeoord in Pretoria gee hom 'n boks vol VHS bande. Familievideos, flikkerende beelde van sy oupa wat met sy kleinkinders speel op die grasperk by sy huis in Waterkloof. Ook 'n video van Geloftedag in 1988. Sy oupa, Johan Adam Heyns, leier van die NG Kerk, praat by die Voortrekkermonument. Lede van die gehoor in voortrekkerdrag, kabinetministers. Hy sê Apartheid moet tot 'n einde kom. Hy sien sy oupa op oorsese TV programme – hy sê wat nodig is, is 'n verandering van die hart. Die groot gevaar is dat die regtervleuel die wapen sal opneem.

Daar is nuusberigte van November 1994 toe sy oupa by sy huis deur 'n skerpskutter in die kop geskiet is terwyl hy met sy kleinkinders speel. Nelson Mandela en die politieke leiers van die tyd wat hulle skok uitspreek.

Exorcist of Apartheid is nie 'n *who dunnit* nie, maar 'n poging van Adam om sy oupa en sy tyd, maar ook die tyd waarin ons nou leef, te verstaan. Wat is die rol van Afrikaners in Afrika? En het die bewakers van die Afrikanerkultuur ons die volle storie van wie ons is vertel? Behoort ons onself te sien as die kinders van Verwoerd, of is daar ander dele van ons geskiedenis waarop dit moontlik is om 'n toekoms te bou?

Adam het die 20 minute kortfilm gemaak saam met sy vriend Willem van den Heever en sy pa Christof Heyns. By vertonings in Kaapstad, Johannesburg en Pretoria was gehore verras en ontroer, en het die gesprekke deur mense van alle groepe in die land tot laat in die nag aangegaan.

TV persoonlikheid Kabous Meiring sal na die film vertoon is 'n bespreking lei met oa Piet Meiring, Wilhelm Jordaan en Murray Hofmeyr as paneellede.

<https://www.youtube.com/watch?v=O-lh1jQuRo8>

https://online.computicket.com/web/event/dr_ja_heyns_exorcist_of_apartheid/1264213295